- *met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 50% Semester exam 1x 3 hours - weight: 50% <i>Toetse en werkstukke - gewig: 50%</i> Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 50%

Module code / Modulekode:	POLI314	Semester 1	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Theories of International Relations / Teorieë van Internasionale Betrekkinge		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate integrated knowledge and understanding of identified theoretical schools of thought within international relations; to be able to apply and evaluate concepts, facts, principles, rules and theories within the subject field;
- demonstrate the ability to analyse and evaluate research on popular discussions of contemporary phenomena in international relations as well as debates within the discipline of International Relations and formulate grounded critical opinions on such research; and
- skilfully collect information, analyse, synthesise and evaluate that information and then communicate the results orally and in writing structured academic arguments, within an ethically acceptable context and using appropriate IT-technology.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *in geïntegreerde kennis en begrip van geïdentifiseerde teoretiese denkrigtings binne Internasionale Betrekkinge te demonstreer en konsepte, feite, beginsels, reëls en teorieë binne die vakgebied te kan toepas en evalueer;*
- *die vermoë te demonstreer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte sodanige navorsing te formuleer;*

- *met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 50% Semester exam 1x 3 hours - weight: 50% Toetse en werkstukke - gewig: 50% Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 50%

Module code / Modulekode:	POLI323	Semester 2	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Political Economy / Politieke Ekonomie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate integrated knowledge and understanding of the phenomenon of political economy within the South African context, to be able
- to identify and analyse unknown reality based problems and issues pertaining to political economy and apply evidence based solutions and theory driven arguments;
- demonstrate the ability to analyse and evaluate research and formulate grounded critical opinions on such research;
- skilfully collect information, analyse, synthesise and evaluate that information and then communicate the results in structured academic arguments, within an ethically acceptable context and present outcomes orally and in writing, utilising IT-technology.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *'n geïntegreerde kennis en begrip van die verskynsel van Politieke Ekonomie binne die Suid-Afrikaanse konteks te demonstreer, ten einde*
- *onbekende werklikheid gebaseerde probleme en vraagstukke wat verband hou met Politieke Ekonomie en die toepassing van bewys gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te identifiseer en te analiseer;*
- *die vermoë te demonstreer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte van sodanige navorsing te formuleer;*
- *met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 50% Semester exam 1x 3 hours - weight: 50% Toetse en werkstukke - gewig: 50% Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 50%

Module code / Modulekode:	POLI324	Semester 2	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Issues in South African Politics / Vraagstukke in die Suid-Afrikaanse Politiek		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate integrated knowledge and understanding of identified contemporary issues in South African politics to be able;
- to identify and analyse unknown reality based problems and issues pertaining to South African politics and apply evidence based solutions and theory driven arguments;
- demonstrate the ability to analyse and evaluate research and formulate grounded critical opinions on such research;
- skilfully collect information, analyse, synthesise and evaluate that information and then communicate the results in structured academic arguments within an ethically acceptable context, and present outcomes orally and in an academic style of writing and by utilising IT-technology.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *in geïntegreerde kennis en begrip van geïdentifiseerde kontemporêre vraagstukke in die Suid-Afrikaanse politiek te demonstreeer, ten einde;*
- *onbekende werklikheid gebaseerde probleme en vraagstukke wat verband hou met die Suid-Afrikaanse politiek en die toepassing van bewys gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente te identifiseer en te analiseer;*
- *die vermoë te demonstreeer om navorsing te ontleed en te evalueer en gegronde kritiese menings ten opsigte van sodanige navorsing te formuleer;*
- *met vaardigheid inligting te versamel en te analiseer, te sintetiseer en die inligting te evalueer en dan die resultate mondelings en skriftelik binne gestruktureerde akademiese argumente, binne 'n eties-aanvaarbare konteks en deur middel van die gebruik van toepaslike IT-tegnologie, te kommunikeer.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 50% Semester exam 1x 3 hours - weight: 50% <i>Toetse en werkstukke - gewig: 50%</i> Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 50%

Module code / Modulekode:	PSYC111	Semester 1	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Introduction to Psychology / Inleiding tot Psigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- Demonstrate:
- integrated knowledge and understanding of
- Basic human functioning, including biological aspects, cognitive, emotional and motivational functioning, human and personality development, abnormal behaviour, stress and coping and optimum human functioning.
- Demonstrate integrated knowledge of
- the history and evolution of different psychological perspectives and theories on human functioning, as relevant part of psychology as a science and a profession.
- Integrated knowledge an understanding of
- Psychology as a science and a profession, including basic steps in psychological research methods according to the American Psychological Association (APA) guidelines and the ethical guidelines of the Professional Board for Psychology
- Demonstrate an awareness of and sensitivity for basic human functioning and real life problems in yourself and others in a multicultural context
- Demonstrate integrated knowledge of psychology as a science and a profession, according to the standards of the American Psychological Association (APA) for research, as well as the professional and ethical guidelines of the Professional Board for Psychology at the Health Professions Council of SA (HPCSA).
- Demonstrate integrated knowledge and understanding of
- Various scenarios within problematic situations according to the different theoretical frameworks and different levels of human functioning
- Integrated knowledge
- Of the evaluation of own performance, as well as the performance of others against specific criteria
- Demonstrate efficient interpersonal and communication skills regarding different levels of human functioning

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *Demonstreeer:*
- *geïntegreerde kennis en begrip van*
- *Basiese menslike funksionering, insluitende biologiese aspekte, kognitiewe, emosionele en motiveringsfunksionering, menslike en persoonlike ontwikkeling, abnormale gedrag, stress and coping en optimum menslike funksionering.*
- *Demonstreeer geïntegreerde kennis van*

- *Die geskiedenis en evolusie van verskillende psigologiese perspektiewe en teorieë ten opsigte van menslike funksionering as toepaslike deel van psigologie as wetenskap en beroep.*
- *Psigologie as 'n wetenskap en 'n beroep, insluitende basiese stappe tydens psigologiese navorsings- metodes volgens die (APA) handleiding en die etiese riglyne van die Professionele Raad vir Psigologie.*
- *Demonstreeer 'n bewustheid van en sensitiwiteit vir basiese menslike funksionering en gedrag tydens die ervaring van werklike lewensprobleme, in jouself en ander binne multi-kulturele konteks.*
- *Van psigologie as 'n wetenskap en 'n beroep volgens die standaarde van die Amerikaanse Psigologiese Vereniging (APA) vir navorsing, sowel as die professionele en etiese riglyne van die Beroepsraad vir Psigologie*
- *Demonstreeer kennis van*
- *Verskillende scenarios tydens probleemsituasies, volgens die verskillende teoretiese raamwerke en verskillende vlakke van menslike funksionering.*
- *Geïntegreerde kennis van*
- *die evaluasie van persoonlike prestasie, sowel as die van ander, volgens spesifieke kriteria.*
- *Demonstreeer effektiewe en interpersoonlike vaardighede en kommunikasie-vaardighede wat die verskillende vlakke van menslike funksionering betref.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 2 hours 1:1 / 1 x 2 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC121	Semester 2	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Social and community Psychology / Sosiale en Gemeenskapspsigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate integrated knowledge of the principles and theories on which the social and community psychology is based, including an understanding of the concepts, facts and terminologies in order for you to apply them to well-defined problems or case studies within a multicultural context;
- demonstrate an ability to gather information from a range of sources, including oral, written or symbolic texts, to select information appropriate to the task, and to apply basic processes of analysis, synthesis and evaluation on that information within the context of the social and community psychology;
- be able to analyse and evaluate case studies, examples or problem situations;
- demonstrate an established attitude and ethical system towards people in all forms of communication and interaction;
- demonstrate information gathering and processing skills for the writing of assignments within the context of the social and community psychology in individual or group context;
- Demonstrate the ability to take part in class discussions and complete assignments by analysing the available sources of information;
- Demonstrate the ability to see aspects of the social world within different contexts and cultural settings;
- Demonstrate the ability to work and study independently and responsibly.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *demonstreeer geïntegreerde kennis van die beginsels en teorieë waarop sosiale en gemeenskap psigologie gebaseer is, insluitend die begrip van die konsepte, feite en terminologieë om dit te kan toepas op probleem of gevallestudies in 'n multi-kulturele konteks;*
- *bewys die vermoë om inligting te bekom uit verskillende bronne, insluitend mondelinge, geskrewe of simboliese teks en om die basiese prosesse van analise, sintese en evaluasie te kan doen van die inligting in die konteks van die sosiale en gemeenskapspsigologie;*
- *om in staat te wees om gevallestudies, voorbeelde of probleemsituasies te kan analiseer en evalueer;*
- *om 'n gesetelde houding en etiese sisteem teenoor alle mense in alle kommunikasie en interaksie te toon;*
- *toon inligtingsverwerking- en prosesseringsvaardighede vir die skryf van opdragte in die kon teks van die sosiale en gemeenskapspsigologie;*
- *demonstreeer die vermoë om deel te neem aan klasbesprekings en om opdragte te voltooi deur die beskikbare bronne van inligting te analiseer;*
- *bewys die vermoë om aspekte van die sosiale wêreld in verskillende kontekste en kulturele omgewings te kan verstaan;*

- *toon die vermoë om verantwoordelik en onafhanklik te kan studier.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	1 x 2 hours 1:1 / 1 x 2 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC211	Semester 1	NQF level / vlak: 6
Title / Titel:	Developmental Psychology / Ontwikkelingspsigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- develop a sound knowledge base of the physical, cognitive, social, moral and personality development of human beings in every stage of the life cycle;
- demonstrate a thorough understanding of views on human nature, concepts, theories and key terminologies used in Developmental Psychology in order to communicate information reliably, coherently and ethically in assessment tasks;
- demonstrate the ability to critically evaluate, analyse and synthesise information of human development in order to solve simulated problems, individually and in groups; and
- develop a sound understanding of academic discourses concerning the impact which diverse contexts such as poverty, malnutrition, over-population, geographic circumstances, discrimination and inadequate social and physical stimulation has on human development.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *’n deeglike kennisbasis van die fisiese, kognitiewe, sosiale, morele en persoonlikheidsontwikkeling van mense in elke stadium van die lewensiklus te kan vorm;*
- *’n deeglike begrip van standpunte oor die aard van die mens, konsepte, teorieë en kerntegnologieë wat gebruik word in die Ontwikkelingspsigologie te kan demonstreer om so inligting betroubaar, samehangend en eties-korrek te kan kommunikeer in assesseringsopdragte;*
- *inligting oor menslike ontwikkeling krities te kan evalueer, analiseer en sintetiseer om so gesimuleerde probleme, individueel of in groepe, te kan oplos;*
- *’n deeglike begrip van akademiese diskoerse oor die impak wat diverse kontekste soos armoede, wanvoeding, oorpopulasie, geografiese omstandighede, diskriminasie en ontoereikende sosiale en fisiese stimulasie op menslike ontwikkeling het te verkry.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC212	Semester 1	NQF level / vlak: 6
Title / Titel:	Personality Psychology / Persoonlikheidspsigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate a grounded knowledge of different meta-theoretical world and life views relevant to human functioning and schools of thought on personality for example psychodynamic, humanistic and eco-systemic;
- explain, reason, substantiate with applicable literature and communicate, verbally and in written form, the content and application possibilities of personality theories and personality psychology integrating the basis of scientific method and ethical principles; and
- analyse well-defined and emerging true life problems, situations and case studies by using the most applicable procedures and techniques used in personality psychology, to explain behaviour using personality theories, to compare and to reason possible solutions and to communicate this in a coherent/ logical and reliable report.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- 'n grondige kennisbasis met toepaslike insig te demonstreer van verskillende, meta-teoretiese werklikheids- en lewenstandpunte, wat relevant is aan menslike funksionering en denkraamwerke van persoonlikheid byvoorbeeld psigodinamika, humanistiese en ekosistemiese;
- in staat te wees om die inhoud en toepassingsmoontlikhede van persoonlikheidsteorieë en persoonlikheidspsigologie te kan verduidelik, beredeneer, aan die hand van gepaste literatuur te staaf en skriftelik sowel as mondeling te kommunikeer deur die integrasie van die basis van wetenskaplike metodes en etiese beginsels;
- goedgedefinieerde, opkomende werklike probleme, situasies en gevallestudies te kan analiseer deur die mees toepaslike prosedures en tegnieke eie aan die persoonlikheidspsigologie te gebruik om die gedrag vanuit die persoonlikheidsteorieë te verklaar, vergelyk en moontlike oplossings te beredeneer en weer te gee in 'n samehangende/logiese en betroubare verslag.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC221	Semester 2	NQF level / vlak: 6
Title / Titel:	Positive Psychology / Positiewe Psigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate a solid knowledge base of the shift from the traditional pathogenic paradigm to a salutogenic perspective of human functioning and from there to a balanced perspective on mental health from pathology to flourishing and its implications for public health care, Positive Psychology/Psychofortology as a movement within the field of Psychology, and
- a sound understanding of the important concepts, rules, principles and theories related to psychological health in order to apply it to the identification and facilitation of personal and others' functioning within a multicultural context;
- demonstrate the ability to solve well-defined but unfamiliar problems related to psychological and psycho-social health, using appropriate procedures and sound evidence drawn from a critical analysis of different theories within Positive Psychology/Psychofortology, and communicate the information reliably and coherently, both orally and in writing, giving proof of effective and critical reasoning; and
- apply his knowledge and insight in Positive Psychology/Psychofortology in a moral-ethical and culture sensitive way on both individual and social levels with sensitivity to inter alia collectivist and individualist value systems.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- 'n gevestigde kennisbasis van die skuif van die tradisionele patogene paradigma na die salutogene perspektiewe van menslike funksionering en vandaar na 'n gebalanseerde perspektief op welsyn van patologie tot "flourishing" asook die implikasies daarvan vir openbare gesondheid, Positiewe Sielkunde/Psigofortologie as beweging binne die veld van Sielkunde,
- asook 'n goeie begrip van die belangrike konsepte, reëls, beginsels en teorieë wat verband hou met psigologiese gesondheid te demonstreer, ten einde dit toe te pas op die identifisering en fasilitering van die eie en ander se funksionering in 'n multikulturele konteks;
- die vermoë demonstreer om goed-gedefinieerde, maar onbekende probleme wat verband hou met psigologiese en psigososiale gesondheid op te los, deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en goeie bewyse vanuit 'n kritiese analise van verskillende teorieë binne Positiewe Sielkunde/Psigofortologie, asook om die inligting op 'n betroubare en koherente wyse, beide verbaal en skriftelik te kommunikeer, en sodoende bewys te lewer van effektiewe en kritiese beredenering;
- jou kennis en insig in Positiewe Sielkunde/Psigofortologie op moreel-etiese en kultuursensitiewe wyse aan te wend op beide individuele en sosiale vlak met 'n sensitiewe vir onder andere die kollektivistiese en individualistiese waardesisteme.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC311	Semester 1	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Psychopathology / Psigopatologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate ,in the context of a bio-psycho-social model, a) a rounded and systematic knowledge of psychological disturbances in a multi-cultural context and b) show a coherent and critical understanding of the relevant concepts and terminologies, theories and processes and techniques of the psychopathology in a professional context so that you can apply this in undefined and more complex problem situations in case studies c) an understanding of pathology and interventions in the context of primary, secondary and tertiary health care;
- demonstrate the skills of information gathering and processing in order to complete written assignments;
- analyse case studies individually or in groups and to give your own integrated opinion based on theoretical grounds and to communicate this information in the form of a report according to prescribed conventions of the discipline; and
- demonstrate a clear value system and code of ethical conduct in all forms of communication and interaction.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *in afgeronde en sistematiese kennis van psigologiese verstourings, in die konteks van 'n bio-psigososiale model, in 'n multi-kulturele konteks te kan demonstreer b) en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte en terminologieë, teorieë, en prosesse en tegnieke van die psigopatologie toepaslik binne die professionele konteks te kan toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde en meer komplekse probleemsituasies soos voorkom in gevallestudies c) 'n begrip van patologie en intervensies in die konteks van primêre, sekondêre en tersiêre gesondheidsorg;*
- *inligtingsverkrygings- en verwerkingsvaardighede te demonstreer vir die afhandeling van skriftelike opdragte;*
- *in staat te wees om gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie geïntegreerde opinie gebaseer op teoretiese begronding te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;*
- *in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardesisteem en etiese gedragskode te kan demonstreer.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC312	Semester 1	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Research and Psychometrics / Navorsing en Psigometrie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- explain the nature and process of psychological evaluation as embedded in the various perspectives on reality and human functioning;
- know the basic characteristics and technical requirements of psychological tests, as well as be able to describe and evaluate (orally or in writing) how tests and test norms are developed;
- evaluate the usability of psychological tests by means of their psychometric characteristics, taking into account ethical facets;
- explain the controlling and use of assessment measures within diverse populations using appropriate standards and norms;
- demonstrate a coherent and informed understanding of the research process as it applies to both quantitative and qualitative research against the backdrop of perspectives on reality;
- independently obtain and synthesise information from both virtual and other credible sources for the completion of tasks such as assignments and projects; and
- critically analyse and evaluate research articles and formulate an independent opinion based on substantive theories and write a report based on the APA conventions.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- die aard en prosesse van psigologiese evaluering te verduidelik soos dit ingebed is in die verskillende perspektiewe op werklikheid en menslike funksionering;
- die basiese eienskappe en tegniese vereistes van psigologiese toetse te ken, en te kan verduidelik en evalueer (verbaal en skriftelik) hoe toetse en toetsnorms ontwikkel word;
- die bruikbaarheid van psigologiese toetse te evalueer aan die hand van hulle psigometriese eienskappe met in agneming van die etiese aspekte;
- die beheer en die gebruik van assesseringsmeetmiddels te verduidelik in diverse populasies deur die gebruik van die gepaste standaarde en norme;
- 'n samehangende en ingeligte begrip van die navorsingsproses te demonstreeer vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing teen die agtergrond van die perspektiewe op die werklikheid;
- inligting van beide virtuele en ander bronne onafhanklik te verkry en te sintetiseer vir die voltooiing van take soos werkopdragte en projekte;
- navorsingsartikels krities te analiseer en evalueer, 'n onafhanklike opinie te formuleer, gebaseer op stawende teorieë en 'n verslag te skryf, gebaseer op die APA konvensies.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC321	Semester 2	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Basic Counselling and ethical conduct / Hulpverlening en etiese gedrag		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate a grounded knowledge of a general model, the therapeutic process, typical counselling techniques, a few selected application fields (e.g. AIDS and post traumatic counselling) and the ethical code of counselling and a coherent and critical understanding of the relevant concepts, principles and theories of the field so that you can apply this in undefined complex problem situations and ethical dilemmas in case studies;
- analyse case studies or examples (individually or in groups) and form an own opinion based on theoretical grounds and to communicate this in a report according to prescribed conventions of the discipline; and
- demonstrate a clear value and ethical system in all forms of communication and interaction with an awareness of human rights issues.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- 'n grondige kennis van 'n algemene model, die terapeutiese prosesse, tipiese hulpverleningsvaardighede, 'n paar geselekteerde toepassingsvelde (byvoorbeeld vigs- en post- traumatiese stresvoorigting) en die etiese kode van hulpverlening te kan demonstreeer en 'n samehangende en kritiese begrip van die relevante konsepte, beginsels en teorieë van die terrein te toon sodat jy dit kan toepas binne ongedefinieerde komplekse probleem-situasies en etiese vraagstukke soos voorkom in gevallestudies;
- in staat te wees om gevallestudies of voorbeelde krities individueel en in groepsverband te kan analiseer en 'n eie opinie gebaseer op teoretiese begronding te lewer en in verslagvorm te kommunikeer volgens die voorgeskrewe konvensies van die vak;
- in alle vorme van kommunikasie en interaksie 'n gevestigde waardestelsel en etiese gedragskode te kan demonstreeer met 'n bewusheid van menseregte problematiek.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Assesseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

Module code / Modulekode:	PSYC322	Semester 2	NQF level / vlak: 7
Title / Titel:	Applied Psychology / Toegepaste Psigologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate a well-rounded and systematic knowledge base of human functioning on all levels of development in a multi-cultural context and facilitate it on an integrated level in practice or simulated situations;

- demonstrate a critical understanding of perspectives on human functioning from a coherent own world view;
- demonstrate effective selection and application procedures for gathering qualitative and quantitative information and to integrate it to illustrate your ability to deal with unfamiliar, concrete and/or abstract problems using evidence based solutions and theory-driven arguments;
- demonstrate a well-established value system and ethical conduct in all communication and interaction; and
- demonstrate the ability to use the prescribed format applicable to Psychology in all forms of communication.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *’n afgeronde en sistematiese kennis-basis van menslike funksionering op alle vlakke van menslike ontwikkeling in ’n multi-kulturele konteks te kan demonstreeer en dit te kan fasiliteer op ’n geïntegreerde vlak in praktyk of gesimuleerde situasies;*
- *’n kritiese begrip van perspektiewe op menslike funksionering vanuit ’n eie, koherente wêreldbeskouing te kan demonstreeer;*
- *effektiewe seleksie en toepassingsprosedures vir die insameling van kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting te kan demonstreeer en dit te kan integreer om so jou vermoë te kan illustreer om onbekende, konkrete en/of abstrakte probleme op te los deur gebruik te maak van getuienis-gebaseerde oplossings en teorie-gedrewe argumente;*
- *’n vaste waarde-sisteem en etiese optrede kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie en interaksie;*
- *die vermoë toon om die voorgeskrewe formaat, wat toepaslik is in die Psigologie, te kan demonstreeer in alle vorme van kommunikasie.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	1 x 3 hours 1:1 / 1 x 3 uur 1:1

LAW.2.3 LIST OF ELECTIVE MODULES ABCD111/121 / LYS VAN KEUSEMODULES ABCD111/121

Module code / Modulekode:	AFL111	Semester 1	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Language without borders / Afrikaans: Taal sonder grense		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- understand and practise the basic principles and rules underlying the use of the Afrikaans language;
- distinguish different types of texts in Afrikaans and evaluate them critically;
- analyse, interpret and evaluate functional as well as aesthetic Afrikaans texts;
- describe and analyse selected Afrikaans and Dutch short stories, drawing on key concepts from narratology.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *kennis en begrip van die basiese beginsels van die Afrikaanse taalgebruikskunde,*
- *basiese teoretiese kennis van die Afrikaanse grammatika en die gebruik daarvan,*
- *die vermoë om funksionele sowel as estetiese Afrikaanse tekste te analiseer, interpreteer en evalueer,*
- *die vermoë om geselekteerde Afrikaanse en Nederlandse kortverhale te beskryf en analiseer aan die hand van kernbegrippe uit die narratologie.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 60% Semester examination 1 x 3 hours - weight: 40% Toetse en werkstukke - gewig: 60% Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 40%

Module code / Modulekode:	AFLL121	Semester 2	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Afrikaans and Dutch language and literary study: Text and Context – the language of texts / Afrikaans en Nederlands Taal en literatuur studie: Teks en konteks – die taal van tekste		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- For Linguistics:
 - defining and applying basic grammatical analytical and descriptive concepts,
 - analyse and describing representative Afrikaans constructions by using systematic analysis and descriptive methods;
- For Literature:
 - analysis of Afrikaans and Dutch poetic and dramatic texts by using a theoretically grounded reading strategy,
 - identification and description of esthetic and ideological aspects of Afrikaans and Dutch poems and dramas,
 - participation in group discussions about the relevant themes.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *Vir Taalkunde:*
 - *definiëring en toepassing van basiese grammatikale analitiese en beskrywende konsepte,*
 - *analise en beskrywing van verteenwoordigende Afrikaanse konstruksies deur middel van sistematiese analise- en beskrywingsmetodes;*
- *Vir Letterkunde:*
 - *analise van Afrikaanse en Nederlandse poëtiese en dramatekste aan die hand van 'n teoreties-gefundeerde leesstrategie,*
 - *identifikasie en beskrywing van estetiese en ideologiese aspekte van Afrikaanse en Nederlandse gedigte en dramas,*
 - *betekenisvolle deelname aan groepbesprekings oor die tersaaklike temas.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	Tests and assignments - weight: 60% Semester examination 1 x 3 hours - weight: 40% <i>Toetse en werkstukke - gewig: 60%</i> Semestereksamen 1 x 3 uur - gewig: 40%

Module code / Modulekode:	AKLR113	Semester 1	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Ancient Near East and Greece / Ou Nabye-Ooste en Griekeland		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- basic knowledge and informed understanding of the development of culture from pre-historic times;
- basic knowledge and informed understanding of cultures of the Ancient Near East;
- basic knowledge and informed understanding of aspects of the culture and development of political institutions in Ancient Greece;
- knowledge of the ancient origins of institutions such as the written word, colonialism, democracy, slavery, etc. in the ancient world

Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om die volgende te demonstreer:

- *'n basiese kennis en begronde verstaan van die ontwikkeling van kultuur vanaf prehistoriese tye;*
- *'n basiese kennis en begronde verstaan van kulture van die Ou Nabye Ooste;*
- *'n basiese kennis en begronde verstaan van die kultuur en ontwikkeling van politieke institusies van Antieke Griekeland;*

- 'n basiese kennis en begronde verstaan van die antieke oorsprong van institusies soos die geskrewe woord, kolonialisme, demokrasie, slawerny, ens.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	<p>a) Academic Essays (individual)</p> <p>b) Assignments (group or individual)</p> <p>c) Oral presentations (group or individual)</p> <p>d) Class Participation (individual)</p> <p><u>Examination</u></p> <p>The examination mark will count 50% of the students' total module mark.</p> <p>a) Akademiese opstelle (individueel)</p> <p>b) Werkopdragte (groep of individueel)</p> <p>c) Mondelinge aanbiedings (groep of individueel)</p> <p>d) Klasdeelname (individueel)</p> <p><u>Eksamen</u></p> <p>Die eksamenpunt sal 50% tel van die student se totale modulepunt</p>

Module code / Modulekode:	AKLR123	Semester 2	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Ancient Rome and other cultures / Antieke Rome en ander kulture		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- basic knowledge and informed understanding of the cultures of Late Antiquity including Christendom and Islam;
- basic knowledge and informed understanding of the ancient origins of institutions like constitution, imperialism, class struggle, globalisation, etc.;
- the ability to communicate applicable concepts, in writing and via appropriate technologies and media, in an accurate and coherent manner, with an understanding of copyright principles and adherence to the rules on plagiarism the nature and significance of the Roman World and Late Antiquity.

Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om:

- 'n basiese kennis en begronde verstaan van die ontwikkeling van die kulture van die Laat-Antieke tyd insluitend die Christendom en Islam,
- 'n basiese kennis en begronde verstaan van die antieke oorsprong van institusies soos konstitusie, imperialisme, klassestryd, globalisasie, ens.
- Die vermoë om toepaslike konsepte uit die wêreld van antieke Rome en die Laat-Antieke tyd te kommunikeer in geskrewe vorm d.m.v. toepaslike tegnologie en media, met 'n grondige verstaan van kopiereg en plagiaat.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	<p>a) Academic Essays (individual)</p> <p>b) Assignments (group or individual)</p> <p>c) Oral presentations (group or individual)</p> <p>d) Class Participation (individual)</p> <p><u>Examination</u></p> <p>The examination mark will count 50% of the students' total module mark.</p> <p>a) Akademiese opstelle (individueel)</p> <p>b) Werkopdragte (groep of individueel)</p>

	<p>c) Mondelinge aanbiedings (groep of individueel)</p> <p>d) Klasdeelname (individueel)</p> <p><u>Eksamen</u></p> <p>Die eksamenpunt sal 50% tel van die student se totale modulepunt</p>
--	--

Module code / Modulekode:	ANTS111	Semester 1	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Legal Terminology / Regstaal en Terminologie		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate an informed understanding of the most important Latin concepts, expressions, words and abbreviations commonly found in general communication, legal documents and academic texts;
- demonstrate an informed understanding of the history of Latin legal terminology, how it developed and how it is used in contemporary legal discourse;
- demonstrate the ability to resolve the meaning of new and unknown English words by means of an informed process of analysis and synthesis of Latin and Greek roots, prefixes and suffixes;
- demonstrate the ability to use newly acquired English vocabulary, derived from Latin and Greek roots, in context;
- demonstrate the ability to pronounce and use Latin words and legal terms in context and according to the conventions of legal practice;
- demonstrate the ability to access information from written sources such as dictionaries, *lexica*, legal digests and *commentaries*.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreer:

- *’n ingeligte begrip van die belangrikste Latynse konsepte, uitdrukkings, woorde en afkortings wat algemeen in algemene kommunikasie, regsdokumente en akademiese tekste voorkom, te demonstreer;*
- *’n ingeligte begrip van die geskiedenis van Latynse regsterminologie, hoe dit ontwikkel het en hoe dit in kontemporêre regsdiskoeers gebruik word, te demonstreer;*
- *die vermoë om die betekenis van nuwe en onbekende Engelse woorde op te los deur middel van ’n ingeligte proses van analise en sintese van Latynse en Griekse grondwoorde, voorvoegsels en agtervoegsels, te demonstreer;*
- *die vermoë om nuutverworwe Engelse woordeskat, afgelei van Latynse en Griekse grondwoorde, in konteks te demonstreer;*
- *die vermoë om Latynse woorde en regsterme in konteks en ooreenkomstig die konvensies van regspraktyk uit te spreek, te demonstreer;*
- *die vermoë om toegang te verkry tot inligting vanuit geskrewe bronne soos woordeboeke, *lexica*, regsdigesta en *commentaries*.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
--	----------------------------

Module code / Modulekode:	ANTS121	Semester 2	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Classical Rhetoric / Klassieke Retoriek		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- demonstrate the ability to analyse and evaluate both modern and ancient speeches according to the principles and techniques of classical rhetoric;
- demonstrate the ability to analyse and evaluate famous historical court cases by applying the principles of classical rhetoric.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- die vermoë om beide moderne en antieke toesprake ooreenkomstig die beginsels en tegnieke van klassieke retoriek te analiseer en te evalueer, te demonstreeer;
- die vermoë om bekende historiese hofsake te analiseer en te evalueer deur die beginsels van klassieke retoriek toe te pas, te demonstreeer.

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
--	----------------------------

Module code / Modulekode:	ATSN111	Semester 1	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Setswana: Introduction to Grammar and Language Literacy / Setswana: Inleidende Grammatika en Taalvaardigheid		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- integrated knowledge on the formation of the essential functional grammatical structures of Setswana;
- a basic speaking proficiency in Setswana; individually as well as within groups;
- elementary Setswana listening skills individually; and
- basic reading skills individually in Setswana.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *geïntegreerde kennis en begrip oor die vorming van noodsaaklike funksionele grammatikale strukture van Setswana te toon;*
- *’n basiese spreekvaardigheid in Setswana individueel en in groepe te toon;*
- *elementêre individuele Setswana luistervaardigheid te toon;*
- *’n individuele leesvaardigheid in Setswana te toon.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	<p>The final module mark is calculated as follows:</p> <p>Participation mark (Formal formative assessment): 60%</p> <p>Examination mark (Summative assessment): 40%</p> <p><i>Die module punt word soos volg bereken:</i></p> <p><i>Deelname punt (Formatiewe assessering): 60%</i></p> <p><i>Eksamen punt (Summatiewe assessering): 40%</i></p>

Module code / Modulekode:	ATSN121	Semester 2	NQF level / vlak: 5
Title / Titel:	Setswana: Grammar and Language Literacy / Setswana: Grammatika en Taalvaardigheid		
Module outcomes / Moduleuitkomstes:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- discuss the forming of essential functional structures in Setswana grammar with examples;
- use Setswana greetings, ask basic questions and hold a conversation on a familiar theme;
- listen and understand basic Setswana words and phrases when they hear them in audio format;
- read selected Setswana words, basic sentences and paragraphs with correct pronunciation; and
- write 10 to 30 Setswana sentences on selected topics that have been explained on foreign language acquisition level.

Na suksesvolle afhandeling van die module, moet die student die volgende demonstreeer:

- *geïntegreerde kennis en begrip oor die vorming van noodsaaklike funksionele grammatikale strukture van Setswana te toon;*
- *’n basiese spreekvaardigheid in Setswana individueel en in groepe te toon;*

- *elementêre individuele Setswana luistervaardigheid te toon;*
- *'n individuele leesvaardigheid in Setswana te toon; en*
- *basiese skryfvaardigheid t.o.v. geselekteerde temas te toon.*

Method of delivery / Metode van aflewering:	Full-time / Voltyds
Assessment methods / Asseseringsmetodes:	<p>The final module mark is calculated as follows:</p> <p>Participation mark (Formal formative assessment): 60%</p> <p>Examination mark (Summative assessment): 40%</p> <p><i>Die module punt word soos volg bereken:</i></p> <p><i>Deelname punt (Formatiewe assessering): 60%</i></p> <p><i>Eksamen punt (Summatiewe assessering): 40%</i></p>

Module code:	ENLL111	Semester 1	NQF level: 5
Title:	Introduction to Literacy Genres I		
Module outcome:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- display an understanding of the fundamental concepts and characteristics of literary genres;
- analyse and interpret literary texts with a view to their generic elements;
- develop arguments based on textual evidence in the course of the interpretation of literary texts; and
- present sustained arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays.

Method of delivery:	Full-time
----------------------------	------------------

Module code:	ENLL121	Semester 2	NQF level: 5
Title:	Introduction to Literacy Genres II and grammatical analysis		
Module outcome:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- display an understanding of key characteristics of the most significant pre-twentieth century literary periods;
- demonstrate understanding of the development of pre-twentieth century poetry/prose fiction;
- engage critically with literary and contemporaneous critical texts through analysis and synthesis;
- present sustained arguments about texts, with arguments substantiated from text and context, in accordance with appropriate academic conventions, in particular in academic essays;
- demonstrate their understanding of the differences and overlaps between spoken and written discourse; and
- discuss values and attitudes people can have in relation to spoken and written discourse, understand the concepts of complex linguistic structures and their grammatical functions.

Method of delivery:	Full-time
----------------------------	------------------

Module code:	ENLS112	Semester 1	NQF level: 5
Title:	English language in context		
Module outcome:			

After the successful completion of this module, the student must be able to demonstrate the following:

- classify words according to semantic, morphological and syntactic criteria;
- understand and apply basic elements of lexical relations and text cohesion: linking words; semantically related words;
- demonstrate knowledge of and sensitivity to context in written and spoken communication;

- distinguish between text function and text type; and identify, understand and respond to various text types;
- present arguments about texts in accordance with appropriate academic conventions;
- write relevant texts clearly and logically, taking cognisance of context.

Method of delivery:	Full-time
Assessment methods:	Tests and assignments - weight: 60% Semester examination 1 x 2 hours - weight: 40%

Module code:	ENLS122	Semester 2	NQF level: 5
Title:	English language for professional purposes		
Module outcome:			

